

Preekvoorligting Sondag 7 Junie 2020

Skriflesing: Filippense 1

Teksvers: Filippense 1: 12

Tema: “Afvlerktye” het, met die regte geloofsuitkyk in Christus, “arendsvlerke”.

Hierdie brief van Paulus aan die gemeentelede van Filippi is ongeveer in 60 nC geskrywe. Hy was ten tye van die skrywe hiervan in Rome, die destydse hoofstad van die Romeinse Ryk. Hy was egter hier nie uit vrye wil nie, maar omdat hy ‘n gevangene van die staat op aandrang van die Jode was. Handeling 22 vers 16 openbaar dat hy hier nie in ‘n gewone tronk aangehou was nie, maar wel onder huisarres geplaas was waartydens hy dan deur soldate opgepas is. Hierdie moes sekerlik ‘n baie gevoelige slag vir Paulus en die Nuwe Testamentiese kerk gewees het. Die wonderlike werk van evangelieverkondiging deur Paulus onder die heidene is in der waarheid hierdeur tot stilstand gebring.

Tog, hier word nie ‘n depressiewe Paulus in Rome aangetref nie, maar wel ‘n verbasende positiewe man wat in sy “afvlerksituasie” van gevangenskap met “arendsvlerke” vir Christus en die evangelie gevlieg het. Paulus onderstreep dit deur die volgende stelling: “Broers, ek wil hê dat julle moet weet dat wat my wedervaar het (wat ek oorgekom het), eerder op bevordering van die evangelie uitgeloop het” (vers 12). Hy sê dus, dat dit wat met hom gebeur het, die feit dat ‘n gevangene in Rome was, hom nie teruggehou het in sy werk vir Christus nl. die verkondiging van die evangelie nie. Die werklikheid was eerder dat dit tot voordeel van verkondiging van die evangelie was – vers 13 “sodat my boeie openbaar geword het in Christus onder die hele keiserlike lyfwag en by al die ander.” Paulus was, met respek gesê, ‘n knaende predikant – hy het net nooit opgehou nie. Skielike was sy sendingveld aan hom vasgeketting – sy “gemeente” het geen keuse gehad om sy “eredienste” by te woon nie. Daarom dat Paulus sê dat sy omstandighede positief vir die evangelieverkondiging is – dit het vir hom ‘n nuwe veld oopgemaak.

Die openbaring – “afvlerktye” het, met die regte geloofsuitkyk in Christus, “arendsvlerke”. Die evangelie is nie deur Paulus se gevangeneming gestuit nie – waar dit bedoel was om die evangelie maar ook sy verkondiger se vlerke te knip, het dit arendsvlerke gekry – dit het van krag tot krag gegaan. Paulus skryf hierdie wonderlike woorde in vers 18: “Maar wat maak dit? In alle geval, op allerlei wyse, of dit onder skyn of waarheid is, word Christus verkondig; en hierin verbly ek my en sal ek my ook verbly”. Hy sê eintlik – maak nie saak watter “afvlerksituasie” daar in die gelowige of die kerk se situasie bestaan nie, in Christus kry dit arendsvlerke. God se werk word net nie gekeer nie.

Hierdie openbaring spreek elkeen van ons aan. So baie keer is ons perspektief op ons “afvlerksituasies” dat dit ons onkapabel maak. Paulus openbaar dat hierdie “afvlerke” dikwels juis die “arendsvlerke” vir die evangelie word. Die “afvlerke” word die kragtige verkondiging van God se liefdevolle bystand, krag en redding. Die “afvlerke” trek ander “afvlerke” nader om hulle die pad na “arendsvlerke in Xtus” te wys.

In hierdie lewe is “afvlerksituasies” nie noodwendig die einde van die pad nie, maar wel die geleentheid om met “arendsvlerke” vir die evangelie van Christus oor hierdie wêreld te gaan.